Elsa Engelbrecht

# Boeta

Die ou vrou kom die kamer ingeskuifel, vroetelend aan die voorskoot waarsonder sy nie beweeg nie. Die gesprek in die sitkamer stol. Al die gesigte draai na haar en staar haar half-verskrik aan soos jare gelede wanneer hulle oor die kole gehaal is omdat hulle nie goed genoeg na Boeta gekyk het nie. Vir ′n oomblik lyk dit amper asof iets vir haar bekend wil lyk; sy bly hande-wrywend voor hulle staan met amperse begrip in haar leë oë, maar besluit dan blykbaar dat dít waarna sy soek nie daar is nie en verlaat weer skuifelend die vertrek. Die gesigte bly haar agterna staar, half-weemoedig, half-skuldig omdat húlle daar is en nie hy na wie sy soek nie.

Kobus is die eerste wat sy stem terugkry: "Dink julle sy weet dat hy dood is?"

"Wel," antwoord Rita, "sy weet dat iéts verkeerd is, daarom dat sy so skarrel en soek, maar ek weet nie of sy nog enige begrip het van dood en lewe nie."

"Tog is dit vir my bitter om haar so te sien. Sy was altyd so ′n sterk en selfversekerde mens dat ek nie kan glo dat sy nou so lyk nie. Dit moet ook vir jou swaar wees, wat elke dag na haar moet omsien, om te besef dat sy al hoe meer soos ′n kind word."

"Dit is nie altyd maklik nie en somtyds huil ek in my hart oor haar, maar dink julle nie dat dit ook ′n kwessie is van die blinde sambok nie?

"Wat bedoel jy daarmee Rita?" vra Lenie verskrik.

"Dink daaroor hoe onregverdig sy teenoor ons opgetree het toe ons klein was en nou het die lewe haar gebring tot by hierdie plek waar sy van ons afhanklik is. Ons wat maar altyd tweede viool moes speel teenoor Boeta wat die appel van haar oog was."

"Hemel Rita, dit is darem iets vreeslik om van jou eie ma te sê."

"Ek weet. En wees veseker dat ek haar die beste vesorging gee waartoe ek in staat is en dat ek ook nog êrens vandaan liefde kry waarmee ek dit doen, maar ek sal nie vergeet hoe dikwels ons pak gekry het oor dinge wat Boeta gedoen het nie."

"Ja, Rita, jy is eintlik reg alhoewel ek dit nooit aan myself wou erken nie. Ma was onregverdig teenoor ons. Ek onthou een dag toe ek saam met Boeta moes stap Sondagskool toe. Dit het gereën en Ma het my aangesê om toe te sien dat hy nie met sy nuwe skoene in die modder loop nie. En wat dink julle doen hy net toe ons om die draai gaan? Hy gaan loop doelbewus met sy nuwe skoene in die diepste modderpoel en lag vir my: "wê, wê wê, nou gaan Ma tog met jou raas." Ons moes net daar omdraai en ek moes Ma se gramskap gaan trotseer. Die ergste was dat ′n mens hom nie eens agteraf kon bykom nie, want dan hardloop hy weer net na Ma toe."

"Ek weet nie of julle daardie vreeslike dag onthou toe ek van winkeldiefstal be-



13 Kreatief 03.pmd 179 1/31/2006, 12:37 PM

skuldig is nie", voeg Kobus nou by. "Hy het blykbaar goed geneem en dit in sy sakke gesteek toe Ma my winkel toe gestuur het om iets te gaan koop. Toe ons met die uitgaan deur die winkel se sekuriteitsmense voorgekeer word, het hy aan die grens gegaan en my beskuldig dat ek hom aangesê het om dit te doen. Julle kan julle indink in my verleentheid toe die winkelbestuurder met ons by die huis aankom en Ma my net daar onder hande neem."

"Sê jy dan toe nie vir Ma dat dit nie jy was nie?" vra Lenie, maar voeg dan self by: "Net asof dit sou help; sy het mos altyd net geglo wat hy sê."

"Ja, ek het probeer, maar sy het net gesê Boeta sou nooit so iets doen nie en my net harder geslaan. Dit was asof sy haar onrus op my wou uitslaan. Tog het ek al baie gewonder of die feit dat sy so skielik begin agteruitgaan het nie daarmee te doen het nie. Dat sy in haar onderbewuste geweet het dat hy skuldig was aan al die dinge waarvoor sy hom altyd verdedig het, en dat dit bygedra het daartoe dat sy liewer nie meer in die realiteit wou lewe nie."

"Ja, ek moet sê, dit kon tog nie altyd ander mense se skuld wees dat hy kort-kort in die tronk 'n draai moes maak nie," voeg Lenie droog by.

"Nouja, nou is hy dood, sy seniel en ons oud en maak al die dinge nie meer saak nie. Al wat nou nog vir ons oorbly, is om hom te begrawe en saam met hom al die bitterheid wat hy veroorsaak het", sê Rita en staan op:

"Ek gaan maak vir ons tee dan gaan slaap ons maar. Môre gaan 'n lang dag wees."

"Ek wou nog vir jou vra, Rita, dink jy dit is wys dat ma die begrafnis bywoon? Ek bedoel ook die verrigtinge by die graf?"

"Ja wat, ek dink so, Kobus, anders sal sy dalk nooit ophou soek nie. Ek het klaar gereël vir 'n rystoel by die graf en sal probeer om haar te laat verstaan wat gebeur."

Die verrigtinge in die kapel verloop rustig en sonder veel emosie. Vriende het die oorledene nie gehad nie en sy vrou en kinders is lankal van hom vervreem. Twee van sy kinders het wel gekom om die begrafnis by te woon en iets te pobeer verstaan van die man wat hulle pa was, maar vir wie hulle nooit geken het nie.

By die graf staan Rita langs haar ma in die rystoel en hou haar hand vas. Die ou vrou volg blykbaar die verrigtinge met ernstige aandag, maar haar oë bly leeg en sonder begrip. Stadig begin die kis afsak in die graf en skielik klink haar stem helder en duidelik op:

"Wie is in die kis?"

Vir 'n oomblik is Rita heeltemal uit die veld geslaan en onverklaarbaar bewoë, maar antwoord dan met so 'n vaste stem moontlik:

"Dis mos Boeta, Ma."

"Nou hoekom sit hulle hom dan in die kis?"

"Hy is mos dood, Ma. Ek het mos vir Ma gesê."

"O, ek het nie geweet nie."



13 Kreatief 03.pmd 180 1/31/2006, 12:37 PM

Dit lyk asof sy wil opstaan en na die graf gaan, maar dan trek 'n duif wat in 'n nabygeleë boom begin koer haar aandag; sy sak terug in die rystoel en neem weer Rita se hand in hare. Dié is skielik so verstorwe dat sy haarself met moeite beheer, want baie emosies van baie jare soek nou om verligting te vind in trane.

Na aandete sit almal rustig in die sitkamer, uitgeput na 'n dag van kontrasterende emosies. Dit is Kobus wat almal se gevoelens opsom toe hy sê: "Sjoe, ek is bly dit is verby. Ek is net jammer vir sy arme kinders wat iets kom soek het wat hulle sekerlik nie gevind het nie. Ons is eintlik maar vreemdelinge vir hulle en wat kan 'n mens nou vir hulle sê wat vir hulle enige betekenis sal hê?"

Almal skrik op toe hulle die ou vrou in die deur sien staan. Sy kyk hulle een vir een deur maar skud elke keer haar kop asof sy nie tevrede is met wat sy sien nie. Sy begin weer met haar skuifelstappie uit die vertrek loop, maar draai skielik terug en vra met 'n onverwagse helder stem:

"Waar is Boeta dan?"

Dit is Rita wat op die ingewing van die oomblik antwoord:

"Hy slaap al, Ma."

"O. Julle moet tog kyk dat hy nie koud slaap vannag nie. Ek voel juis daar waai so 'n koue windjie."

En asof uit een mond antwoord hulle haar: "Ja Ma, ons sal kyk dat hy nie koud slaap nie."



13 Kreatief 03.pmd 181 1/31/2006, 12:37 PM